e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

4 Desember 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 42

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Engeleboodskap...

Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet hom die naam Jesus gee... Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." **(Lukas 1: 30, 31, 33)**

Het jy al 'n engel gesien? Kerkmense verskil daaroor of engele bestaan of nie. Daar was ook meningsverskil onder Joodse geleerdes: Sommige het gemeen daar bestaan 'n hele hiërargie van engele – van hoofengel tot onderengele. Maar die Joodse geleerde Maimonides sê net naïewe mense glo in engele, eintlik is natuurkragte die sogenaamde "engele".

Wat sê die Bybel oor engele? So vat ons belydenisskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis, dit saam: *Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het, ...en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.*

Die Bybel is nie 'n engelehandboek is nie, maar praat tog omtrent in elke boek oor 'n engel, asof engele vroeër vir mense vanselfsprekend was. Engele in die Bybel is altyd besig om God te dien, en om ook tot diens van mense te wees, veral wanneer hulle boodskappers van God is.

Eerstens is 'n engel se werk, volgens die Bybel, om 'n boodskap van God aan mense te bring. Die woord *angelus* kry 'n mens ook in die woord *evangelie* – 'n engel se werk is om 'n boodskap aan mense te bring, meestal 'n goeie boodskap van redding, of om mense te bemoedig of aan te moedig, of te waarsku teen gevaar.

Engele bring boodskappe van die ander kant na hierdie kant. Dit is 'n bonatuurlike wese wat 'n boodskap van buite die natuurlike wêreld bring na hierdie natuurlike wêreld toe. En hier kom 'n engel na Maria, 'n jong Joodse meisie, en gee haar 'n boodskap vanuit die hemel, waar God woon: Jy sal swanger word, en 'n seun kry, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal mense van hulle sonde verlos.

En die engele bring die boodskap aan herders wat in die veld waak: Jesus is gebore, Hy is die hoop vir die mensdom, en julle sal Hom vind in 'n krip, in doeke toegedraai!

En die wêreld van die Anderkant breek in ons wêreld van hierdie kant in. God kom uit die hemel uit na ons toe, Immanuel – God by ons. Hy was ver, nou is Hy naby! Hy stuur engele met die boodskap, en dan word Hy self die boodskap.

Elke keer as engele met 'n boodskap uit die hemel verskyn, sing hulle in 'n engelekoor, en elke jaar met Kersfees doen ons hulle dit agterna – ons sing Kersfeesmusiek, ons sing oor engele wat boodskappe bring, en ons probeer ook soos engele sing.

Of ons glo in engele of nie, is natuurlik nie so belangrik nie, want eintlik glo ons in God: die God wat alle sienlike en onsienlike dinge gemaak het, en wat van die hemel na ons toe gekom het!

Ds Milankie van der Walt, Namib-Suid

(Hierdie uitgawe is die laaste vanjaar. Die eerste uitgawe van 2015 verskyn op 15 Januarie.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Ds GS (Gerrie) Botha** (emeritus) na Viljoenskroon (deeltyds)
- **Ds L (Leanie) Oberholzer** van Pretoria-Oos (benoeming) na Pretoria-Oos (deeltyds)
- **Ds A (Anna-Marie) Kloppers** van Krugersdorp-Oos na Rustenburg Jac van Belkum (deeltyds)
- **Ds HN (Hein) Kloppers** van Noordrand/Krugersdorp-Oos na Koster
- **Ds G (Gerhard) Viviers** van Laeveld na Wolmaransstad

Ds Gerrie Botha

Ds Leanie Oberholzer

Beroep aanvaar

- **Ds L (Leanie) Oberholzer** van Pretoria-Oos (benoeming) na Pretoria-Oos (deeltyds)
- **Ds A (Anna-Marie) Kloppers** van Krugersdorp-Oos na Rustenburg Jac van Belkum (deeltyds)
- **Ds HN (Hein) Kloppers** van Noordrand/Krugersdorp-Oos na Koster

Ds Anna-Marie Kloppers

Ds Hein Kloppers

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds Gerhard Viviers

Neem asseblief kennis dat die Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 19 Desember 2014 sluit en op Maandag 5 Januarie 2015 heropen.

- Op **Donderdag 4 Desember om 19:00** vind die **toelating** van 11 finalejaar teologiestudente **tot die evangeliebediening** plaas in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Die erediens word gelei deur dr André Ungerer en die akademiese toekennings word deur die dekaan, prof Johan Buitendag, behartig. Ons sal in Januarie volledig berig oor die plegtigheid.

- Die kerkraad van **Gemeente Saffierkus** het besluit om vir die volgende jaar gebruik te maak van die gesamentlike bediening van **dr Chris Viljoen en prof Bieks Beukes**.

- **Lig vir 'n kind.** Hierdie tyd van die jaar is mense gewoonlik besonder sensitief vir die lot van kinders in nood. Daar is talle projekte en aksies om byvoorbeeld vir minderbevoorregte kinders speelgoed in te samel. Die hartseer is dat talle van hierdie projekte 'n tref-en-trap-benadering het – daar word net vir een dag 'n glimlag op 'n kind se gesig gesit. Kinders in nood het egter ***volgehoue*** hulp nodig. Dit is waar die Hervormde Kerk 'n verskil maak. Dekades lank is ons al besig om kinders in nood ***elke dag*** te help. Tans is ons besig om ongeveer 450 kinders in Kinderhofsake te help, 36 getraumatiseerde kinders volledig te versorg en te help met terapie, en digby 700 kinders wat gestremd is, en ook behoeftig is, 'n kans in die lewe te gee. Klik op die skakel, lees meer en word deel van daaglikse, volhoubare hulp vir kinders wat dit nodig het. Laat die lig van Christus op ons kinders skyn!
  http://www.pro21.co.za/index.php/en/fund-raising-actions/light-for-a-child

Mev Elize Jones

- **Nuwe redakteur vir ADV-publikasies. Mev Elize Jones** is aangewys as die nuwe redakteur van die ADV se publikasies. Ons wens haar sterkte toe met hierdie werk, en vertrou sy sal 'n groot bydrae kan lewer om in die Kerk, asook wyer as die Kerk, mense in te lig oor die barmhartigheidswerk van die ADV, die diensorgane, RDV's en gemeentes.

- **Watter barmhartige jaar!** Die Kommissie van die ADV wil met hierdie laaste uitgawe van die *e-Hervormer* in 2014 vir elkeen wat deel was van ons barmhartigheidsroeping sê: Baie dankie! Barmhartigheidswerk is dikwels 'n ondankbare werk, wat gedoen word waar min of geen mense dit sien – maar ons doen dit sodat mense ons goeie werke kan sien en ons Vader in die hemel daarvoor kan verheerlik. Mag u elkeen 'n geseënde feestyd beleef, en mag die geboorte van die Kind ons aanspoor om, soos Hy, die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en te dien!

- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Die AGB kyk met dankbaarheid terug op 'n suksesvolle jaar. Talle gemeentes het gebaat by dié werkgroep van die ADV se bewusmaking en toerusting tot voordeel van die fisiese, geestelike en selfs finansiële ondersteuning van ons bejaardes. Die AGB wens graag die hele Kerk, in al haar gestaltes en werksaamhede, 'n wonderlike Kersseisoen toe en daarmee saam die gebed dat die Kerk die seën van ons drie-enige God gedurende 2015 sal ervaar. Mag veral ons bejaarde lidmate ware vrede en vreugde beleef. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Aanvraag en uitreik van doop- en lidmaatskapbewyse per e-pos vanaf 1 Januarie 2015.** Vir die gerief van gemeentes sal aanvrae en uitreikings van doopbewyse en bewyse van lidmaatskap met ingang van 1 Januarie 2015 per e-pos plaasvind. 'n Aanvraagvorm vir die inligting wat die Kerkargief benodig, sal vanaf 1 Januarie op die webwerf beskikbaar wees. Besoek **www.nhka.org** → So werk ons → Kerklike argief. Die vorm word aanlyn ingevul en gestuur. Die uitreiking van doop- en lidmaatskapbewyse sal slegs op Donderdae plaasvind. Soos in die verlede, reik die Kerkargief slegs 'n bewys van lidmaatskap uit as die gemeente intussen ontbind het. Bestaande gemeentes reik self bewyse van lidmaatskap uit.

- **Boektafel: Tweedehandse teologieboeke.** In ooreenstemming met die beleid van die biblioteekversameling van die Hervormde Kerk, word duplikaatboeke nie in die versameling opgeneem nie. Daar is nie 'n titellys beskikbaar nie. Boeke kan tot einde Februarie 2015 by die Kerkargief op die tweede vloer van die Dirk van der Hoffgebou bekyk word op weekdae van 08:00 tot 16:00, en is gratis beskikbaar. Donasies word waardeer. Rig navrae aan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by **argief@nhk.co.za**.

- Na deeglike oorweging het SENTIK besluit om van die begin van 2015 af van *The Courier Guy* gebruik te maak om die kerklike publikasies en boekbestellings aan die gemeentes buite Pretoria te stuur. Dit sal verseker dat gemeentes weer hul boeke en tydskrifte klokslag en vinnig ontvang. **Al die gemeentes in die Kerk word daarom versoek om dringend 'n fisiese adres aan SENTIK te voorsien waar 'n koerierdiens pakkies kan gaan aflaai.** Om koste te bespaar, word gemeentes wat met mekaar in kombinasie is of gemeentes wat van dieselfde predikant gebruik maak, versoek om een sentrale adres te verskaf. Versending aan adresse in Gauteng en hoofsentra landwyd is goedkoper as aan die platteland, en daarom word plattelandse gemeentes versoek om waar moontlik eerder 'n fisiese adres in 'n streeksentrum te verskaf as in 'n klein dorp. Dit is vir SENTIK belangrik om te verseker dat elke gemeente, waar ook al in die land, hul boeke en tydskrifte gereeld ontvang. Elke gemeente word versoek om so gou moontlik die fisiese adres, naam en nommer van 'n kontakpersoon vir aflewering aan mev Susann van Zyl te stuur by **sentik@nhk.co.za**.

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek* vir 2015** is nou by die Sinodale Kerkkantoor beskikbaar. Gemeentes moet asseblief reël dat hul besendings by die Kerkkantoor afgehaal word. Kontak mev Susann van Zyl vooraf by tel 012 322 8885 x291.

- Gemeentes wat die **Kerkspesifieke lessenaarkalender** bestel en betaal het, moet dit saam met hul besending van die *Almanak/Bybelse Dagboek* kom afhaal. Tref asseblief vooraf reëlings met mev Jianni Joubert by **algemeen@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x227 of faks 012 322 7909.





- Die **tweede (hersiene) uitgawes** van die **graad R- en graad 4-kategeseboeke** is pas afgehandel en sal aan die begin van Januarie 2015 beskikbaar wees; die eerste uitgawes daarvan het onderskeidelik in 2011 en 2010 verskyn. Soos die **ander hersiene uitgawes wat reeds verskyn het**, werk die nuwe materiaal ook op die basis van die drie fasegroepe wat van graad R tot graad 10 bestaan: Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied, naamlik graadlesse, gesinslesse, faselesse en praktyklesse. In die praktyk sal dié nuwe aanbiedingswyse vanselfsprekend eers ten volle geld wanneer al die nuwe materiaal beskikbaar is. Gemeentes moet in gedagte hou dat die nuwe handleidings vir die kind nie saam met die ou handleidings vir die kategeet gebruik kan word nie – die twee handleidings is vir albei grade grondig hersien.

- ***Konteks* van Januarie/Februarie 2015** word in die eerste week van Januarie aan gemeentes gestuur. Lees in dié uitgawe die mooi verhaal van emerituspredikant ds Thomas en mev Marié Dreyer; kyk weer met nostalgie na u eie belydenisklasfoto na die lees van Nándor Sarkady se artikel oor fotodokumentering; leer meer oor die ring van Noord-Kaapland; en raak begeester deur die ADV se planne met 2015 se jaartema *Kindersorg.* Teken in op *Konteks* vir 2015 teen R185 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl (besonderhede hierbo).

- ***Christus is gebore*** is ’n nuwe publikasie van ds Neels van Tonder, met interessante temas wat vir Kersfees geskryf is. Die boekie (93 bladsye) is in A6-formaat met tien kort hoofstukke. Die onderwerpe sluit onder andere in die genealogie van Jesus, Herodes, die “Joodse Farao”, die mite van Augustus en die Ster van Betlehem. Die prys is R35 plus posgeld en kan bestel word by 072 633 3367 of per e-pos by **nvtonder@vodamail.co.za**.

- Die redaksie van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** versoek ampsdraers en lidmate om bydraes te stuur vir die eerste twee uitgawes van 2015.

  - **Teologie en Liturgie (verskyn begin April)**
    Hierdie tema bied ruimte vir ’n groot verskeidenheid onderwerpe, soos onder andere die verband tussen teologie en liturgie; rites en rituele rakende die sakramente; die begeleiding van kerkmusiek; kansels en kateders; die rol van die ouderling in die liturgie; ensovoorts.
  - **Protestantisme en die beeldende kuns (verskyn einde Julie)**
    Hierdie is die tema volgens die skedule van die Luther-dekade. Ons het talle lidmate wat kunskenners is en/of belangstel in die beeldende kunste. Ongelukkig weet ons nie van almal nie. Predikante moet asseblief help om hierdie lidmate te identifiseer en hulle aan te moedig om te skryf. Die *THT* maak dit moontlik om beeldmateriaal in die tydskrif op te neem.

  Outeurs word aangemoedig om, naas die enkele langer artikels (tussen 10-15 bladsye), korter artikels (tussen vier en agt bladsye) voor te lê vir publikasie. Voornemende outeurs moet so gou moontlik met die redakteur, prof Natie van Wyk, in verbinding tree by 082 448 4759 of **aim1@mweb.co.za**.

- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir ’n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal ’n teologies gegradueerde wees met ’n belangstelling in evangelisasie. ’n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal ’n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir ’n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan ’n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by **ajpienaar1@gmail.com**.

Liturgiese kalender

- **Die tweede Sondag van Advent**
  Op **Sondag 7 Desember** staan Johannes die Doper (Luk 3) in die kollig. Al die Ou-Testamentiese profesieë (soos dié van Mal 3 en Jes 42) mond uit in die aankondiging van Johannes dat die Messias aangekom het. Saam met hom pleit die kerk ook dat die pad van die Here gereed gemaak word – wat minstens heenwys na bekering en boetedoening. Saam met Johannes kondig die kerk die koms van die Messias aan en vermaan mense tot 'n verantwoordelike en liefdevolle lewe in die lig van die komende oordeel. Deur op hierdie Sondag oor Johannes die Doper te preek, beweeg die kerk vanaf die krip na die kruis van die kommende regter. Op hierdie Sondag word nie halleluja gesing nie, omdat ons in skuldbelydenis neerkniel.

- **Die derde Sondag van Advent**
  Hierdie Sondag **(14 Desember)** staan bekend as *Sondag Gaudete*, afgelei van Filippense 4: 4 *gaudete in Domino semper* of *verheug julle altyd in die Here*. In die Adventstyd wag ons op die koms en wederkoms van die Here; maar hierdie tyd van wag is 'n tyd van blydskap en vreugde. As kerk is ons verheug dat Hy beslis reeds gekom het en dat Hy beslis weer sal kom. Die liturgiese kleur van hierdie Sondag verander daarom ook van pers na pienk aangesien die wit kleur van die opstanding hier deurbreek. Vanselfsprekend is dit gepas om op hierdie Sondag lofliedere te sing.

- **Die vierde Sondag van Advent**
  Op **21 Desember** word op die gebeure gekonsentreer wat Jesus se geboorte voorafgegaan het (Luk 1). Die bekendmaking van die swangerskap van Maria asook haar loflied of *Magnificat* (Gesange 318 en 333) het nog altyd besondere aandag geniet. Op hierdie Sondag is gebed baie belangrik; dank vir die koms van die Messias wat ons skuld moes kom dra. Soos die vorige Sondag, kan die liturgiese kleur weer pienk wees as heenwysing na die koms van die lig in ons duister wêreld. Rooi en groen van die sekulêre wêreld is onvanpas in die kerk. Onthou, die simbole en kleure van die kerk verkondig dalk radikaler as ons woorde waaroor Kersfees ten diepste gaan!

- **Kersfees**
  Aangesien Kersfees **(25 Desember)** goed bekend is, word geen opmerkings daaroor gemaak nie.

- **Die eerste Sondag ná Kersfees**
  Die Vroeë Kerk het op 26 Desember die steniging van Stefanus herdenk. Die rede: Christenskap is onlosmaaklik aan vervolging en martelaarskap verbonde. Aangesien dit onwaarskynlik is dat gemeentelede bereid sal wees om op hierdie dag vir 'n rukkie bymekaar te kom, word dié tema na **28 Desember** verskuif. Daar kan dan besluit word om óf aan Stefanus óf aan die kinderslagting (Matt 2: 13-18) aandag te gee. Albei onderwerpe handel oor die feit dat Christus en sy volgelinge nie welkom is in hierdie wêreld nie.

- **Die tweede Sondag ná Kersfees**
  Daar bestaan 'n eeue oue tradisie dat daar op die eerste Donderdag van die nuwe jaar aandag gegee word aan die naamgewing en besnydenis van Jesus (Luk 2: 21-40 en 3: 23-38). Indien daar 'n "Oujaarsdiens" plaasvind, kan die tema dáár aandag kry. Indien nie, kan dit op **4 Januarie** aandag kry. Op hierdie Sondag word daar egter tradisioneel aan die doop van Jesus (Luk 3:21-22) aandag gegee. Die twee temas kan dus beurtelings aandag geniet.

- **Epifanie en die drie Sondae ná Epifanie**
  Die Epifaniefees (6 Januarie) is een van die oudste feeste op die liturgiese kalender. Ongelukkig het dit in ons land van die toneel verdwyn. Die aankoms

en die teenwoordigheid van die Heer in ons wêreld is egter só belangrik dat ons werklik 'n poging moet aanwend om iets te probeer doen om hierdie fees in ere te herstel. Sedert die 5de eeu word in die eerste drie weke van Epifanie gekonsentreer op die drie wonderwerke (*tria miracula*) waar die identiteit van Jesus aan die lig gekom het, naamlik die besoek van die drie wyse manne (Matt 2: 1-12), die doop van Jesus deur Johannes die Doper (Matt 3: 13-17) en die verandering van water in wyn te Kana (Joh 2: 1-12). In 2015 is daar net drie Sondae ná Epifanie: **11, 18 en 25 Januarie**. Daar kan dus gewoon gehou word by die "drie wonderwerke". In jare waar Paasfees later gevier word, en daar meer Epifaniesondae is, kan onder andere ook aandag gegee word aan die tekste wat met Jesus se kinderjare te make het.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Oos-Londen: Kerssangdiens 7 Desember om 17:00**
  hv Parklaan en Parkstraat, Oos-Londen
  Tweetalige diens, toegang gratis
  Verversings daarna
  Navrae aan ds Larry van der Walt by 072 020 8911
  of Izel by 082 774 8088

- **Gemeente Pretoria-Oos: Geloftefees Dinsdag 16 Desember**
  Delyweg 100, Waterkloofpark
  Die Menloparkse Feeskomitee nooi almal hartlik uit
  08:30 orrelspel en samesang onder leiding van ds Anton Pienaar
  09:00 oorsig oor toepaslike geskiedenis, prediking en gelofte
  10:00 verversings
  Navrae aan Tom Moodie by **tommoodie1@vodamail.co.za**

Eredienste in Desembervakansie

- **Gemeente Strand.** Alle besoekers aan die Strand-omgewing word uitgenooi om saam met ons elke Sondag, sowel as op Gelofte- en Kersdag, om **09:00** eredienste in die kerkgebou te Strand, geleë op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, by te woon. Ons sien uit om u in ons midde te verwelkom. Kom ervaar die warmte van ons gemeente. Navrae kan gedoen word by ds Gerrit-Daan van der Merwe by tel 073 418 2346 of oudl Japie Botha by tel 021 851 6351.

- **Gemeente Kaapstad.** Vakansiegangers welkom om saam te kom aanbid
  - Sondag 7 Desember om 19:00 Melkbosstrand
    Kerssangaand onder leiding van dr Gafie van Wyk
  - Dinsdag 16 Desember om 09:00 Kaapstad
    Geloftediens: Gesamentlike diens in middestad
    NG Tafelberg, Buitekantstraat, Kaapstad
    Prediker ds Kathleen Smith
    Veilige parkering beskikbaar
  - Sondag 21 Desember om 19:00 Tygerberg
    Kersliedere saam met die kinders
  - Kersdag 25 Desember
    Tygerberg om 09:00 met dr Piet van Staden
    ME Rothmanstraat, Parow-Noord
    Melkbos om 09:00 met ds Kathleen Smith
    Robbenweg, Melkbosstrand
    Begin by albei preekpunte om 08:45 met sang
  - Oujaarsdiens 31 Desember om 19:00
    Tygerberg met ds Kathleen Smith

  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264 / 084 792 2715 /
  kathleen@adept.co.za

- **Gemeente Laer Suidkus.** Vakansiegangers aan die Suidkus van KwaZulu-Natal word hartlik uitgenooi na die eredienste van die gemeente gedurende die Desembervakansie:
  - Port Shepstone: Elke Sondag om 09:30. Scottstraat 3, Port Shepstone
  - Port Edward: Elke Sondag om 08:00. Saal van Port Edward Primêre Skool, Fifeweg, Port Edward
  - Geloftedag: Om 09:00 te Scottstraat 3, Port Shepstone
  - Kersfees: Port Shepstone om 06:00 en Port Edward om 08:00

  Navrae aan ds Jacques Pieterse by **jacquesjean@vodamail.co.za** / 082 458 4482

- **Gemeente Saffierkus.** Alle besoekers aan Amanzimtoti en omgewing word hartlik uitgenooi na ons eredienste gedurende die Desembervakansie:
  Elke Sondag om 08:30 en Kersoggend om 07:00
  Scoutssaal te Drakeweg 7, Amanzimtoti
  Navrae aan die skriba, Celia Biggs, by 082 410 5444 / **cbiggs@telkomsa.net**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Januarie 2015, en word hartlik geluk gewens:**

Vrydag 5 Desember:	Prop JW (Johan) van der Merwe (beroepafwagtend)
Maandag 8 Desember:	Prof TFJ (Theuns) Dreyer (emeritus) en ds S (Susan) Oosthuizen (Carolina)
Dinsdag 9 Desember:	Ds TF (Thomas) Dreyer (emeritus)
Donderdag 11 Desember:	Dr GCJ (Gerhard) Nel (Horison Roodepoort), di CJ (Johan) Bezuidenhout (Ermelo-Suid), DS (Daan) Smit (emeritus) en AV (Antonie) van Staden (Welgelegen-Pietersburg)
Vrydag 12 Desember:	Ds MJ (Martin) Fouché (Riebeeckstad/Virginia)
Saterdag 13 Desember:	Di JP (Johan) du Preez (Van der Hoff) en A (Annézel) Otto (Sionspoort)
Dinsdag 16 Desember:	Di JJ (Johan) du Toit (emeritus), JC (Johann) Marnewick (Johannesburg-Wes), M (Martin) Meyer (Secunda) en C (Charlene) van der Merwe (Empangeni)
Donderdag 18 Desember:	Ds JJC (Ogies) du Plooy (emeritus)
Vrydag 19 Desember:	Ds MA (Marius) Venter (siekte-emeritaat)
Saterdag 20 Desember:	Ds PC (Peet) Swanepoel (Derdepoort)
Maandag 22 Desember:	Ds JH (Jan) van Staden (Bronkhorstspruit)
Dinsdag 23 Desember:	Ds FP (Phillip) Horn (Louis Trichardt)
Sondag 28 Desember:	Ds CM (Corlien) van der Merwe (Hartebeestpoort)
Maandag 29 Desember:	Ds PR (Philip) Prinsloo (emeritus) en dr PJ (Piet) van Staden (emeritus)
Vrydag 2 Januarie:	Ds DJAG (Dirk) du Toit (emeritus) en dr A (Anneke) Viljoen (Pinetown)
Sondag 4 Januarie:	Dr JP (Kobus) Labuschagne (emeritus/AIM)
Maandag 5 Januarie:	Dr C (Christo) Pretorius (Pretoria)
Dinsdag 6 Januarie:	Ds HF (Hennie) Louw (Newcastle)
Vrydag 9 Januarie:	Ds I (Ivan) Katzke (Bloemfontein)
Saterdag 10 Januarie:	Ds JH (Jan) Kay (Utrecht/Vryheid)
Maandag 12 Januarie:	Di A (Annerie) Conradie (Culembeeck) en DS (Dawie) Jacobs (Coligny/Lichtenburg-Oos)
Dinsdag 13 Januarie:	Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (Sinodaal/ Olifantsfontein)

- Woensdag 14 Januarie: Prof PA (Piet) Geyser (emeritus/Meyerspark), di J (Japie) Coetzee (Kempton Park-Oos), JMC (Chris) de Beer (siekte-emeritaat), CJA (Tony) Simpson (emeritus) en G (Gerhardt) Venter (beroepafwagtend)
- Donderdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (Eendracht) en GJC (Chris) Schoeman (Boksburg)

'n Gedig

Dit moet

Dit moet soos dou om al ons dade lê,
en dit moet teerder wees as al die woorde wat ons sê –
Mens moet die teerheid van die liefde in jou hê!

Dit moet 'n ruheid wees anders as die van haat,
en dit moet sterker wees as al die woorde wat ons praat –
Die lewe moet 'n ruheid soos van berge in jou laat!

Adam Small
(Uit: *Verse van die liefde* 1957)

Beplande vergaderings

- Donderdag 4 Desember: Kommissie van die AKV (Legitimasie)
- Donderdag 15 Januarie 2015: ADV Finkom
  Redaksie van *Die Hervormer*

Behuising

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville**
  24-uur uitmuntende versorgingsdiens vir bejaarde persone
  Tans plek beskikbaar – **ook vir tydelike versorging in die Desembervakansie**
  Kontak Matrone Rensie van Tonder by 012 386 5730

- **Behuising vir bejaardes**
  Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog selfversorgend is
  Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe
  Gereelde sosiale programme
  Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Behuising vir bejaarde egpare en enkellopendes in versorgingseenheid**
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis
  Parys, Vrystaat
  Navrae aan Alet Botha by 056 811 2185 / **AletB@otmt.org**

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Aftree-eenhede**
  De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspruit
  Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg. Pryse vanaf R730 000 onderhewig aan eskalasie. Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou

pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van ’n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts. Belangstellendes kan die gemeente gedurende kantoorure kontak by 013 932 2929 of 082 353 9752.

Allegaartjie

’n Vurk in die pad het twee weë gebaan. Ek het die een gevolg waarlangs die minste spore gaan. En dit het alles verander. (Robert Frost 1874-1963, Amerikaanse digter)

Kampe en kampterreine

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2015**
  Plek: *Serube Sa Phakwe*
  (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
  Datum: Dinsdag 6 tot Vrydag 9 Januarie 2015
  Vertrek Dinsdag 6 Januarie om 13:00
  Terug Vrydag 9 Januarie om 13:00
  Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
  Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
  Skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  of Terzie Denton by 082 475 4618
  of Cari Lourens by 076 971 0326 indien jy enige vrae het
  Besoek ons webblad vir registrasie:
  http://www.studentegemeente.com
  http://www.facebook.com/PotchStudente

- **Tuks-eerstejaarskamp 2015**
  (Studentegemeente Philadelphia se Eerstejaarskamp)
  Saterdag 10 tot Woensdag 14 Januarie 2015 by Kwaggasrus
  Besoek webblad **www.tuksejk.co.za** vir inskrywingsvorm en inligting
  Navrae: Dr Sanrie de Beer (083 226 1866) / ds Martin Slabbert (082 655 4787) / Liezel Meyer (071 890 6385)
  Bemarking: Kornel Korb (071 602 3817) en Su-Marie Calitz (084 423 1031)

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2015**
  Terrein net buite Stellenbosch
  Saterdag 17 tot Dinsdag 20 Januarie 2015
  Begin Saterdag 17 Januarie om 12:00 by die kerkgebou
  hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
  Terug Dinsdag 20 Januarie om 15:00
  Kom geniet ’n heerlike kamp, maak vriende en leer die kampuslewe ken
  Kontak ds Chris le Roux by 079 495 3239 / **stellenbosch@nhk.co.za**
  of Wynand Vlok by **18214657@sun.ac.za**

- **Gemeente Kaapstad se kampterrein**
  Bekostigbare akkommodasie in Desember-skoolvakansie
  Kom kuier Desember op Melkbosstrand
  Die kampterrein word weekliks as kleuterskool bedryf
  Die badkamerfasiliteite is vanjaar opgeknap
  Slaapplek @ R100 per persoon per nag
  Plek beskibaar vanaf 12 Desember 2014
  Navrae: Sarie van Schalkwyk 021 553 2110

- **Tarentaalpan: Jeugkampterrein Thabazimbi**
  Beplan jy 'n jeug- of gemeentekamp?
  Maak dit 'n Bosveldervaring!
  Net buite Thabazimbi – 2 tot 3 ure van Pretoria en Johannesburg
  Loer by **www.tarentaalpankamp.co.za**
  Besprekings: Rika 083 255 7963

Fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
  by 011 826 4625

- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
  Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
  Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
  Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
  Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
  Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
  Verkoopte kaartjies moet die gemeente **teen 15 Mei 2015** bereik
  Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Kersmark en fees

- **Saterdag 6 tot Sondag 14 Desember 09:00-21:00**
  Gemeente Pretoria-Noord: Krip-tot-Kruis Liggiefees
  Ben Viljoenstraat (agter Checkers Hyper)
  Geniet 'n familie-uitstappie en kom kyk na 'n uitstalling van Jesus se geboorte en Kersliggies; geniet iets te ete teen billike pryse; loop deur ons Kersmark vir die aankoop van Kersgeskenke of sommer net vir die plesier, en geniet plaaslike kunstenaars elke aand van die week – alles op een terrein!

Saterdag 6 Desember om 18:00: Mathys Roets
Sondag 7 Desember om 09:00: Erediens
Maandag 8 Desember om 18:00: Zelmia
Dinsdag 9 Desember om 18:00: Jacques Celliers
Woensdag 10 Desember om 18:00: JD (Jeandré Bezuidenhout)
Donderdag 11 Desember om 18:00: Karin Bekker
Vrydag 12 Desember om 18:00: Ruan
Saterdag 13 Desember om 18:00: Vaughn Venton (Pikkewyn)
Sondag 14 Desember om 09:00: Ds Fanie Beukes

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** soek dringend 'n **sekretaresse** vir hul Kantoorkomitee. Hulle vergader 1 x elke 3 maande. Die vergadering begin gewoonlik om 08:30. Hierdie is 'n **vrywillige diens**, vir iemand met 'n hart vir welsyn wat graag betrokke wil raak. Daar is dus **geen finansiële kompensasie** nie. Die pligte is die afneem en tik van die notule. Belangstellendes kan die OSR kontak by 014 717 3594.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R200 per plasing (BTW ingesluit). ***(Let asseblief op die NUWE KOSTE.)*** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Hierdie is die laaste *e-Hervormer* van 2014 .

Die eerste uitgawe van 2015
verskyn op Donderdag 15 Januarie.

Gebed vir die week

O God, soos U die hand gemaak het om mee aan te raak,
soos U die oor gemaak het om mee te hoor,
só het U my gemaak vir vreugde!
O Here, open dan my hart, sodat ek blydskap sal vind
in die wilde skoonheid van ’n bergviooltjie,
in die klank van ’n bosduif se gekoer,
in die gesig van ’n eerlike man,
in die glimlag van ’n kind,
in die selflose liefde van ’n ma,
en in die onverganklike liefde van Christus.

Ou Keltiese gebed
Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx